Verwysing: 20170120-7524
12/1/4
Navrae: R Leukes

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0004/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure; Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies; Kringbestuurders; VKO-bestuurders; VKO-vakadviseurs; Prinsipale, Departementshoofde van die Grondslagfase, Graad R-onderwysers/-praktisyns en beheerliggame by gewone openbare skole met Graad R en geregistreerde onafhanklike Graad R-sentrums

Onderwerp: Bestuur van Graad R-subsidies – ooreenkoms tussen die WKOD, beheerliggame en Graad R-onderwysers/-praktisyns

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) streef daarna om te verseker dat elke kind toegang tot Graad R het voordat hulle met formele skoolopleiding begin.

2. Tot op hede het die WKOD 977 gewone openbare skole met Graad R en 590 onafhanklike Graad R-sentrums wat toegang tot leer bied, geregistreer. Die gevolg heirvan is groot uitbetaling van Graad R-subsidies aan die bovermelde leerinrigtings tot gevolg gehad.

3. Dit het egter onder die aandag van die WKOD gekom dat 'n groot getal inrigtings met Graad 3 die reëls met betrekking tot die bestuur en beheer van Graad R-subsidies en die kontraktering van Graad R-onderwysers/-praktisyns verontagsaam.

4. **Ooreenkoms**

4.1 In die WKOD se mikpunt om die bestuur en beheer van Graad R-subsidies en -praktyke te verbeter, word alle inrigtings met geregistreerde Graad R-klasse verplig om by die volgende voorskrifte vir die bestuur van Graad R-subsidies te hou:

4.1.1 Alle inrigtings met geregistreerde Graad R-klasse moet 'n Ooreenkoms, waarin die toekenning en gebruik van die subsidie uiteengesit word, onderteken. Die Ooreenkoms sal bespreek en deur vroeë-kindontwikkelings-(VKO-) distriksbestuurders rondgestuur word.

4.1.2 Die Ooreenkoms sal tussen die beheerliggaam en die distriksdirekteur, wat as die gedelegeerde gesag van die WKOD sal optree, vir 'n tydperk van drie jaar aangegaan word. Alle Ooreenkomste moet voor die einde van Maart 2017 onderteken wees.

4.1.3 As 'n bevoordeelde van die WKOD-subsidie, tree die beheerliggaam op as die werkgewer van Graad R-onderwysers/-praktisyns op by gewone openbare skole asook onafhanklike sentrums wat Graad R aanbied.

4.1.4 Die bevoordeelde moet die toegewese fondse uitbetaal volgens die norme en standaarde vir Graad R-befondsing en soos in die VKO Provinsiale Beleidsriglyne gestipuleer.

4.1.5 Bewys van hierdie uitgawe moet meegaan met 'n kwartaallikse verslag wat deur die prinsipaal sowel as die Graad R-onderwysers/-praktisyns onderteken is en na die distrik deurgestuur word.

4.1.6 Die WKOD behou die reg om alle finansiële, infrastruktuur- en administratiewe prosesse met betrekking tot Graad R-subsidie-eise te oudit.

4.1.7 Voorts behou die WKOD die reg om 'n toewysing aan enige inrigting, wat 'n Graad R-subsidie aanvra, te bepaal. Hierdie toewysing is afhanklik van die op beskikbare fondse.

4.1.8 Indien 'n bevoordeelde enige of al die voorwaardes, soos uiteengesit in die ooreenkoms tussen die WKOD en die beheerliggaam, nie nakom nie en hierdie nienakoming nie regstel nie, is die WKOD verplig om die ooreenkoms te kanselleer en alle toegewese fondse met rente terug te eis.

5. **Indiensnemingskontrakte**

5.1 Sodra die Ooreenkoms met die WKOD geteken is, moet beheerliggame indiensnemingskontrakte met Graad R-onderwysers/-praktisyns vir die duur van een jaar of langer opstel.

5.2 Indiensnemingskontrakte moet in die jaar voor die nuwe akademiese jaar afgehandel en geteken word.

5.3 Die beëindiging van 'n kontrak met 'n werknemer moet drie maande voordat die kontrak eindig, gedoen word.

5.4 Basiese diensvoorwaardes moet gevolg word, soos in die VKO Provinsiale Beleidsriglyne gestipuleer word.

5.5 Nienakoming van die basiese diensvoorwaardes vir Graad R-onderwysers/-praktisyns sal daartoe lei dat 'n subsidie onmiddellik teruggetrek word.

6. Befondsingsbriewe vir subsidietoewysings

Alle inrigtings wat 'n Graad R-subsidie van die WKOD ontvang, sal 'n befondsingsbrief voor die einde van die eerste kwartaal ontvang waarin die 80/20-befondsingsbeginsel en die uitgawe waarby gehou moet word, gestipuleer word.

7. Voorlegging van kwartaallikse verslae

7.1 Ooreenkomstig goeie ouditpraktyke en voordat enige subsidies toegewys sal word, word daar van inrigtings verwag om 'n verslag te voltooi om die vordering aan te dui wat met finansiële bestuur en kurrikulumlewering in Graad R gemaak word.

7.2 Prinsipale en Graad R-onderwysers/-praktisyns moet die verslag mede-onderteken. Nienakoming hiervan, kan 'n vertraging in die toewysing van 'n subsidie veroorsaak.

8. Registrasie

8.1 Alle registrasiesertifikate wat deur die WKOD gekondoneer is, sal vir 'n tydperk van vyf jaar geldig wees.

8.2 In 2017 sal daar 'n hernuwing van alle registrasiesertifikate vir alle inrigtings met Graad R wees.

8.3 Alle gewone openbare skole sal hul registrasiesertifikate via VKO-distriksbestuurders ontvang en dit behoort teen Junie 2017 afgehandel te wees.

8.4 Alle onafhanklike sentrums sal hul registrasiesertifikate ontvang deur 'n veldtog wat deur VKO-distriksbestuurders bestuur word en behoort ook teen die einde van Junie 2017 afgehandel te wees.

8.5 Die nuwe registrasiesertifikate sal vir 'n tydperk van vyf jaar geldig wees en sal in 2022 eindig.

8.6 Alle VKO-registrasies wat binne die tydperk van 2017–2022 mag plaasvind, sal ook in 2022 eindig.

9. Inskrywing van Graad R-leerders

9.1 Alle inrigtings moet Graad R-leerders voor Junie van die vorige jaar inskryf.

9.2 Die totale getal leerders per klas behoort nie minder as 20 te wees of 'n totaal van 30 leerders per klas nie.

9.3 Let asseblief daarop dat die totale getal leerders, in afgeleë landelike gebiede alleenlik, nie minder as 10 leerders moet wees nie. Dit sal deur die VKO-distriksbestuurder geverifieer en bevestig word.

10. **Aansoeke vir addisionele klasse**

10.1 Alle aansoeke vir addisionele klasse sal in die jaar voor die klasse begin, oorweeg word.

10.2 Aansoeke moet teen September van die vorige jaar via die VKO-distriksbestuurder gedoen word. Skole sal deur middel van 'n amptelike kennisgewing oor die sperdatum in kennis gestel word.

10.3 Let asseblief daarop dat die goedkeuring vir 'n Graad R-klas afhang van die beskikbaarheid van spasie, bewys van behoefte en beskikbare fondse in die VKO-begroting.

11. **Opleiding van beheerliggame in die bestuur van VKO-subsidies**

11.1 Die WKOD sal opleiding vir alle prinsipale en beheerliggame van gewone openbare skole en onafhanklike sentrums in die bestuur en beheer van VKO-befondsing verskaf.

11.2 Die opleiding sal gedurende die derde kwartaal van 2017 plaasvind. Skole sal mettertyd van hierdie opleiding in kennis gestel word.

12. Kontak asseblief die betrokke VKO-distriksbestuurder in verband met enige verdere inligting met betrekking tot hierdie minuut.

Distrik	VKO-bestuurder	Telefoon	E-pos
Metro-Sentraal	Schalk Hattingh	021 514 6721	Schalk.Hattingh@westerncape.gov.za
Metro-Noord	Zaida Davids	021 938 3013	Zaida.Davids@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Carmen Niekerk	021 370 2004	Caremen.Niekerk@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Michelle Leideman	021 900 7221	Michele.Liedeman@westerncape.gov.za
Weskus	Sally Meyer	021 860 1202	Sally.Meyer@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Madeleine Siddle	023 348 4608	Madeleine.Siddle@westerncape.gov.za
Overberg	Lynn le Grange	028 214 7384	Lynn.LeGrange@westerncape.gov.za
Eden & Sentrale Karoo	Lucretia Roux	044 803 8314	Lucretia.Roux@westerncape.gov.za

13. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle VKO-belanghebbers te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-02-20